Bespreek Deel 4: Persoonlike Bediening

Inleiding

Kom ons dink weer aan die verskillende manier wat die Here ons geloof wil groei. Belangrike verhoudinge, Private dissiplines, **Persoonlike Bediening** en Deurslaggewende omstandighede.

Om iets vir die Here te doen voel gewoonlik of jy uit jou diepte is, of jy nie genoeg opgelei is nie, of jy nie bekwaam is nie. Dit voel of jy ge-"*stretch"* word. Dis juis die punt, die Here wil ons almal *stretch* deur êrens te dien. Kom ons kyk na hoe ons geloof kan groei wanneer ons ander dien.

Bespreek

1. Het jy al ooit 'n hunkering gevoel om êrens betrokke te raak en te dien, maar dit eerder geïgnoreer omdat jy onbevoeg gevoel het?

   _____

   _____

2. Lees Matteus 14:13-17. Die dissipels het die verskoning gebruik dat daar te veel mense was en dat hulle nie so baie kos het nie. Watter verskonings gebruik jy soms?

   _____

   _____

3. Lees Matteus 14:18-21. Niemand sou ooit kon voorsien dat Jesus iets so eenvoudig soos vis en brood gaan gebruik om 'n wonderwerk te doen nie. Watter talent, ondervind of vermoë het jy wat net so nietig mag lyk soos die vis en brood wat die Here dalk kan gebruik op 'n wonderbaarlike manier?

   _____

   _____

4. Watter geleenthede voel jy die Here mag dalk 'n deur vir jou oop maak om jou persoonlike bediening te beoefen?

   _____

   _____

Opsomming

Persoonlike bediening help ons om die Here se krag te ervaar deur ons swakhede en tekortkominge. Jy mag dalk voel jy is nog nie gereed of voorbereid nie, maar dit is juis die Here wat jou geloof wil *stretch*. Aanvanklik dink ons dit maak 'n verskil in iemand anders se lewe as ons dien, maar uiteindelik besef ons dit is ons geloof wat gegroei het.

Bid saam

Kom ons vra die Here dat hy ons sal wys watter eenvoudige talent, gawe of vermoë ons die week kan gebruik, soos met die eenvoudige vis en brood. Kom ons stel ons self beskikbaar vir die Here?